



## A.2 SESBANIA

deur JULIA GRAAFF  
Onderafdeling Onkruid en Plaagdoders  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria

Sesbania, *Sesbania punicea* is aantrekklike plante van Suid-Amerikaanse oorsprong wat as tuinstruik in baie dele van die wêreld aangeplant word. Ook bekend in Suid-Afrika as "rattle-pod", of "coffee weed" het sesbania in Suid-Afrika, net soos in baie ander lande, 'n onkruid geword. In ander lande is sesbania onder verskeie name soos "sesban", "red seine bean", "Brazil rattlebox", "coffee of the coast," "coffee weed", "tame acacia" en "false poinciana" bekend. In Suid-Afrika word die naam rooikeurtjie soms gebruik, maar dis misleidend, want die keurtjies behoort tot die inheemse genus *Podalyria* en nie tot die genus *Sesbania* nie.

Daar is twee redes waarom sesbania 'n probleem is. Eerstens is dit 'n veldindringer wat digte stande vorm en sodoende baie inheemse plante verdring. Tweedens is sesbania giftig. Daar is bevind dat alle dele van die plant, maar veral die saad, giftigstowwe bevat wat dodelik is vir voëls,



FIG. 1 - Sesbania is aantrekklike plante van Suid-Amerikaanse oorsprong



FIG. 2 - Die vier vlerke wat oor die lengte van die peul strek. Elke peul bevat sowat sewe sade



FIG. 3 - Water speel die grootste rol in die verspreiding van sesbaniasaad. So word rivieroewers, watervore en ander klam gebiede besmet met 'n digte stand van Sesbania

soogdiere en reptiele. Slegs 'n klein hoeveelheid plantmateriaal hoef opgeneem te word om die dood te veroorsaak. So min as 6 dosisse van 100 mg/dag kan 'n skaap laat vrek en so min as ses sade kan 'n hoender doodmaak. Verskeie gevalle van veevergiftiging en veeverliese het al in Suid-Afrika voorgekom. Hierdie gevalle het voorgekom waar diere gewei het in veld wat met die onkruid besmet is. Pogings van boere om die groot hoeveelhede beskikbare sesbaniasaad in pluimveerantsoene te gebruik, het noodlottige gevolge gehad.

Sesbania is 'n meerjarige, bladwisselende struik of klein boompie wat tot 4 m hoog kan word. Die blaarlengte is 10 - 20 cm en die blare bestaan uit 10 - 40 klein blaartjies wat in teenoorgestelde pare langs die blaarragis gerangskik is. Elke blaartjie is langwerpige en loop spits na die punt toe. Die plant dra opvallende rooi of baksteenrooi blomme wat, behalwe vir die kleur, baie na gewone pronk-ertjies lyk. Die kenmerkendste eienskap van die spesie is die peule waardeur dit maklik geïdentifiseer kan word. Die peule is langwerpige met vier vlerke wat oor die lengte van die peul strek. Hulle is ongeveer 6 - 8 cm lank, 1 cm breed en bevat gemiddeld vyf tot sewe sade. Die aantal peule per boom wissel na gelang van die ouderdom van die plant en die groeitoestande, maar 'n volwasse plant kan 100 tot 300 peule per seisoen produseer. As dit in gedagte gehou word en die feit dat besmettings uit duisende plante kan betaan, kan totale saadproduksie in een seisoen aanmerklik wees.

## VERSPREIDING

*Sesbania punicea* is inheems in Noordoos-Argentinië, in die suide van Brasilië en Uruguay en word algemeen langs riviere en in dele wat dikwels oorstroom word aangetref.

Sesbania het vanuit huistuine dwarsoor die RSA versprei na dele van Kwazulu, die Natalse kuskordel, die Natalse Middellande, Noord-Natal, die Transvaalse Hoëveld, Oos-Transvaal, Suidwes-Kaap en Oos-Kaap. In al hierdie gebiede is stande steeds besig om toe te neem. Die enigste skynbaar beperkende faktor wat die verspreiding van die plant betref is die feit dat dit hoë-reënvaldele en vogtige groeigebiede verkies.

In die VSA het sesbania vanaf Noord-Florida tot in die ooste van Texas rivieroewers, kanaalwalle en uitvalgrond binnegedring.

## GROEI EN REPRODUKSIE

Die hoofblomtyd van sesbania is tussen November en Januarie, maar in die meeste dele blom enkele plante byna dwarsdeur die jaar. Blomvorming het oorfloedige saadproduksie tot gevolg.

Die peule en sade is aangepas om hoofsaaklik deur water vervoer en versprei te word. Diere speel nie 'n rol in saadverspreiding nie omdat die saad so toksies is. Sesbania kom algemeen langs paaie voor; die saad word waarskynlik saam met die grond wat vir padkonstruksie gebruik word, ingebring. Sesbaniasaad word passief uit die peule vrygestel en val meestal rondom die moederplant. Dit lei tot baie digte sesbaniabesmettings.

Baie saad verkeer aanvanklik in 'n rustoestand omdat die saadhuid ondeurdringbaar vir water is. Omdat water nie die embrio kan bereik nie, sal dit nie ontkiem nie. Die ondeurdringbaarheid van die saadhuid vir water neig om vinnig in veldtoestande af te breek, wat die saad dan weer in staat stel om te ontkiem sodra genoegsame vog beskikbaar is. Dit is moontlik dat drie-maande-oue-saailinge kan blom en saad produseer, maar gewoonlik blom plante eers in hulle tweede jaar.

## WETGEWING

*Sesbania punicea* is ingevolge proklamasie 35/1979 van die Wet op Onkruid (Wet 42 van 1937) soos gewysig, tot onkruid verklaar in die hele Republiek van Suid-Afrika. Kragtens Artikel 2(1) van gemelde Wet moet elke bewoner, of, waar daar geen bewoner is nie, die grondeienaar, sesbania wat op daardie grond voorkom, uitroei.

## BEHEER

'n Oorsig oor die jongste aanbevelings en beheermetodes van *Sesbania punicea* word in Bladskrif A.2.1 van hierdie reeks gegee.